Naam: ______________________ Graad: __________ Datum: ______________

# Afrikaans Formele Assessering - Kwartaal 3

**Graad 6** **Totaal: 35**



## Inligting

| | | |
|---|---|---|
| **Afdeling A** | Begripslees | 20 punte |
| **Afdeling B** | Taal in Konteks | 15 punte |

## Instruksies

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord **alle** vrae in **alle** afdelings.
3. Gee spesiale aandag aan **korrekte taalgebruik**, **spelling** en **sinskonstruksie**.
4. Skryf **netjies** en **leesbaar**.


Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS

## Afdeling A: Begripslees

**Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg.**

### Vroue van Vryheid

'n Groot optog na die Unigebou,
het hierdie dapper vroue gehou.
Hul stemme het hoop gebring,
sodat alle vroue weer met vrolikheid kan sing.

Albertina Sisulu – sy is genoem die Moeder van die nasie,
Lilian Ngoyi glo in gelykheid en sê haar sê met grasie.
Vroue kan 'n verskil maak,
"sien ons asseblief net raak!"

Helen Joseph staan op vir wat reg is,
gee aan alle vroue vryheid en betekenis.
Sophie Williams-De Bruyn, haar gesig sal ons onthou,
die van 'n dapper, vasberade vrou.

9 Augustus, 'n historiese dag,
'n Dag waarvoor menigte vroue eeue lank wag.
20 000 vroue, met een doel,
"Ons wil ook weet hoe vryheid voel."

1956 was die jaar, die vroue staan op–
vasberade en harte wat vinnig klop.
Om 'n einde te bring aan paswette en diskriminasie,
die begin van ons wondelike reënboognasie!

Kom ons herdenk hierdie gebeurtenis,
want een ding weet ons beslis–
vroue het ook regte en is ook mens,
vryheid, gelykheid en vrede– is hul grootste wens.

-N. Groenewald





twinkl Quality Standard Approved

LIVEWORKSHEETS

## Afdeling A

20

**Beantwoord die vrae uit die teks.**

1.1 Watter tipe teks is dit? (1)

a) Fabel

b) Dialoog

c) Inligtingsteks

d) Gedig

1.2 Wanneer het die vroue-optog plaasgevind? (1)

___

1.3 Waarheen het die vroue gestap? (1)

___

1.4 Hoeveel vroue het aan die optog deelgeneem? (1)

___

1.5 Noem enige twee vroue wat die optog gelei het. (2)

___

1.6 Waarom het die vroue gaan optog hou? (1)

___

1.7 Wat wou die vroue hê moes verander? (1)

___

1.8 Hoe beskryf die digter die vroue se karaktereienskappe? (2)

___

1.9 Wat is die rymskema van hierdie teks? (1)

___

1.10 Watter woorde in die teks wys dat die vroue nie bang was nie? Noem twee. (2)

___


LIVEWORKSHEETS

1.11 Dink jy die vroue het 'n verskil gemaak? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

---

1.12 Uit hoeveel strofes bestaan hierdie teks? (1)

---

1.13 Kies een van die vroue uit die gedig. Skryf wat jy vir haar sou wou vra as jy haar kon ontmoet. (2)

---

1.14 Wat is die hoofboodskap van die teks? (1)

---

1.15 Wie is die digter van die teks? (1)

---





LIVEWORKSHEETS

## Afdeling B: Taal in Konteks

**15**

**Lees die storie en beantwoord die daaropvolgende vrae:**

Zinzi was net twaalf jaar oud, maar sy het geweet dat iets nie reg was nie. Elke dag het sy gesien hoe haar ma lank in rye moes wag vir permitte. Sy het gehoor hoe grootmense fluister oor wette wat vroue probeer stil hou. Maar haar ma, ’n sagte vrou met sterk oë, het altyd gesê: “Zinzi, jou stem is belangrik. Jy moet dit eendag gebruik vir wat reg is.”

Op 9 Augustus het Zinzi se ma haar hand gevat. Hulle het saam met duisende ander vroue na Pretoria gestap. Zinzi was bang – die pad was lank en die son warm – maar haar ma het geglimlag. “Kyk voor jou, my kind. Jy sien daardie vroue? Hulle is nie bang nie. Hulle het hoop.”

Toe hulle by die Uniegebou kom, het Zinzi in stilte gestaan tussen vroue wat gesing het, gebid het, en gedroom het van ’n land waar almal gelyk is. Sy het nie die groot woorde verstaan nie, maar sy het die krag daarvan gevoel. Dit was asof hul stemme berge verskuif het.



Jare later het Zinzi ’n onderwyseres geword. Elke Vrouedag vertel sy vir haar klas die storie van hoop. Sy vertel van vroue wat gestap het sodat ander kon hardloop. Sy vertel van haar ma se hand in hare, en hoe ’n stil optog ’n hele land begin verander het.

2.1 Gee enige twee eiename wat voorkom in die teks. (2)

______________________________________________

2.2 Gee ‘n sinoniem vanuit die teks vir geloop. (1)

______________________________________________

2.3 Gee ‘n antoniem vanuit die teks vir swak. (1)

______________________________________________

2.4 Skryf die sin in indirekte rede oor: (1)

Mamma sê: “Jou stem is belangrik.”

______________________________________________



LIVEWORKSHEETS

2.5.1 Benoem die leesteken wat in die volgende gedeelte gebruik word: (1)

Zinzi was bang – die pad was lank en die son warm – maar haar ma het geglimlag.

______________________________________________

2.5.2 Wat is die doel van die skryfteken? (1)

______________________________________________

2.6 Gee die meervoud van optog. (1)

______________________________________________

2.7 Gee die verkleining van pad. (1)

______________________________________________

2.8 Onderstreep die basis van die volgende woord: (1)

geglimlag

2.9.1 Word die volgende stelling letterlik of figuurlik bedoel? (1)

Dit was asof hul stemme berge verskuif het.

______________________________________________

2.9.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

______________________________________________

2.10 Wat word bedoel met die volgende stelling?

Sy vertel van vroue wat gestap het sodat ander kon hardloop. (1)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

2.11 Verander die woord in hakies sodat dit in die sin pas: (1)

Vroue moes in (lank) ____________________ rye wag.

2.12 Die volgende woord word as 'n voornaamwoord in die sin gebruik.

Sy vertel van haar ma se hand in <u>hare</u>.

Skryf 'n sin om die ander betekenis (homoniem) van dié woord te beskryf. (1)

______________________________________________



twinkl Quality Standard Approved

LIVEWORKSHEETS